



HUISGODSDIENS

Markus 1 : 29—39

*Die genesing van
Petrus se skoonmoeder*

29Toe die mense uit die sinagoge kom, het hulle saam met Jakobus en Johannes reguit na die huis van Simon en Andreas toe gegaan. 30Die skoonmoeder van Simon het daar met 'n hoë koors siek gelê, en hulle het Hom dadelik van haar vertel. 31Hy het na haar toe gegaan, haar hand gevat en haar regop gehelp. Toe het die koors haar verlaat, en sy het hulle bedien.

Nog genesings en voortgaande prediking

32Toe dit aand geword het en die son al onder was, het die mense al die siekes en dié wat in die mag van bese geeste was, na Hom toe gebring. 33Die hele dorp het by die deur van die huis saamgedrom. 34Hy het baie siekes wat allerhande kwale gehad het, gesond gemaak en baie bese geeste uitgedrywe. Hy het die bese geeste nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle geweet het wie Hy is. 35Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid. 36Simon en dié wat by hom was, het Hom egter gesoek, 37en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom: “Almal soek U.” 38Maar Hy antwoord hulle: “Laat ons êrens anders heen gaan, na die nabygeleë dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom.” 39Hy het toe gegaan en dwarsdeur Galilea in hulle sinagoges gepreek en bese geeste uitgedrywe.

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Waarnatoe het die mense gegaan wat uit die sinagoge gegaan?
2. Wie was siek?
3. Hoe dink julle het sy gevoel en haar familie?
4. Wat beteken dit vir ons vandag?

Dinsdag

1. Hoe het Jesus Simon se skoonmoeder genees?
2. Wat het gebeur?
3. Hoe het Simon se skoonma gereageer?
4. Dink jy Jesus betree nog ons wêreld so?
5. Wat beteken dien?
6. Hoe kan ons Jesus dien?

Woensdag

1. Wat het gebeur toe dit aand word?
2. Wie het by die deur saam gedrom?
3. Hoekom sal die mense by die deur saam drom?
4. Wat sou hulle vir mekaar sê en watter gevoelens sou hulle ervaar het?

Donderdag

1. Wat het Jesus die volgende oggend eerste ding gedoen?
2. Wat dink jy het Jesus gebid?
3. Waarom is dit nodig om te bid vandag?
4. Kan ons sonder gebed leef?

Vrydag

1. Het Jesus op die selfde plek gebly?
2. Wat het Jesus vir hulle gesê?
3. Wat het Jesus uitgedryf?
4. Moet ons stagneer in ons geloof?
5. Moet ons, ons geloof uitleef, en hoe?